Ek wil dit net regstel, alhoewel ek vroeër tydens ondervraging gesê het dat MTHEMBU my ysterwapen wat skerp gemaak is (no.2) geleen het voordat ons na die Stadion/saal gegaan het, dit verkeerd is en dit met betrekking tot die leen van die betrokke ysterwapen aan MTHEMBU korrek is soos ek dit vroeër in hierdie verklaring gestel het.

7.

Die redes wat aan my meegedeel is waarom TSIRELA (BOIPATONG) deur die inwoners van KWA MADALA HOSTEL op Woensdag 17 Junie 1992 aangeval en gedood is, is asvolg:

7.1 Ene ALBERT is 'n Pedi sprekende swartman en werk ook by Yskor in dieselfde afdeling as ek as 'n "Crane drywer". Hy woon in TSIRELA (BOIPATONG). Hy het my gedurende die week van 8 Junie 1992 meegedeel dat TSIRELA (BOIPATONG) deur inwoners van Sharpeville dag en nag bewaak word en dat hulle deur hierdie persone wat hulle bewaak, voorgekeer word en dan moet betaal vir die bewakingsdienste. ALBERT het ook aan my gemeld dat hy op pad werk toe was en 'n motor sien brand het. ALBERT is een van vele inwoners van Boipatong wat baie ongelukkig was oor die feit dat hulle vir die betrokke dienste op so 'n onorganiseerde wyse moes betaal.

7.2 Ene MKHWANAZI (VAN) wie ook 'n inwoner van TSIRELA (BOIPATONG) is en in dieselfde afdeling as ek as 'n leerling werk, is ook van die persone wat teenoor my gemeld het van die bewakingsdienste waarvoor die inwoners moet betaal. Hy het ook gekla dat hy soms nie geld het om vir hierdie persone wie hulle voorkeer te betaal nie.

Die feit dat die mense, inwoners van TSIRELA (BOIPATONG) vir die dienste moes betaal, was deur baie werkers by Yskor genoem en daar was groot ontevredenheid daaroor.

Wat ek dan nou eintlik sê is dat uit gesprekke met mense wat in TSIRELA (BOIPATONG) woon en by YSKOR werk, asook uit gesprekke met inwoners by Kwa Madala hostel wat by YSKOR en elders werk, is die rede vir die aanval op die inwoners van Tsirela (Boipatong) asgevolg van die persone wat Tsirela (Boipatong) bewaak het en hulle gedurig voorgekeer het en geld vir hul dienste geeis het. Verder dat die persone wat Tsirela (Boipatong) die nag van 17 Junie 1992 aangeval en gedood het, soos reeds vermeld, inwoners van Kwa Madala hostel is en kon hulle blykbaar nie die sogenaamde bewakers van Tsirela (Boipatong) opspoor nie en het hulle toe besluit om nie met lee hande terug te keer nie, met ander woorde, gaan om mense aan te val en dan niks doen nie. Hulle het toe besluit om maar in Tsirela (Boipatong) in te gaan en wraak op ander inwoners te neem.

Mhlongo ... Ndaba

8.

Ons wat agter gebly het en nie aan die aanval en moorde by Tsirela (Boipatong) deelgeneem het nie, het aan die binnekant van die hostel naby die hek gewag totdat die aanvallers na ons hostel terug gekeer het. Dit was ongeveer tussen elf(11) en twaalf(12) namiddag die betrokke aand. Ek ken van die mense wat aan die aanval deelgeneem het asook die wat agter gebly het. Ek sal hulle kan uitken indien ek hulle weer sien of 'n foto van hulle getoon word. Die terugkerende aanvallers het met hulle aankoms by ons hostel, aan ons almal gesê dat ons na die Stadion / saal moes gaan. By die stadion/saal het MKHIZE ons meegedeel dat die aanvallers by Tsirela (Boipatong) was. MKHIZE het ons ook meegedeel dat ons die volgende Woensdag (24 Junie 1992) weer 'n vergadering sou hou. MKHIZE het ons verder meegedeel dat indien die mense wat by Tsirela se aanval betrokke was, enigsins sê dat hulle daarby betrokke is, dit hulle eie saak is. Met ander woorde, wat MKHIZE gesê het, is dat die mense moet ontken dat hulle by die aanval by Tsirela (Boipatong) betrokke was. Die mense wat van Tsirela af gekom het, het nog steeds hulle kieries en spiese en wapentuig by hulle gehad op daardie stadium. Ek het by van die mense wat van Tsirela (Boipatong) terug gekom het en terwyl ons in die donker saal was, gehoor dat hulle onder mekaar praat dat hulle die mense in Tsirela baie seer gemaak het daardie aand.

9.

MTHEMBU, my kamermaat, het daarna die wapen (skerp yster no 2. op skets) na my kamer gebring en dit vir my terug gegee. Ek het dit toe tussen my twee matrasse weggebêre. Ek het gehoor dat daar by my ander kamermaat naamliK MAGAGULA ook 'n assegaai gevind is. My ander ysterwapen (genommer no. / op aangehegte skets) het ek op 'n ander bed in my kamer waarop niemand slaap, neergesit.

10.

Op Vrydag 19 Junie 1992 het THEMBA KHOZA, ek dink hy is die PWV leier van Inkhata Vryheids Party, ons by die hostel besoek. Dit was gedurende die oggend. Hy het ons meegedeel dat hy reeds met lede van die polisie gepraat het en hy het aan ons gevra wat die rede was waarom die polisie hulle tot die hostel ingeperk het en nie wou laat uitgaan nie. Ons het gesê ons weet nie, alhoewel ons vir hom gelieg het.

Op Saterdag 20 Junie 1992 het THEMBA KHOZA vergesel van Proffesor MTHETWA ons ook by die hostel kom toespreek. Dit kon ook Sondag 21 Junie 1992 gewees het, maar dit was in die namiddag om ongeveer sewe(7) namiddag. MTETWA het ons meegedeel dat reëlings getref is dat ons vanaf Maandag 22 Junie 1992 weer na ons werke sou kan gaan.

Mjanyelwa ndaba

11.

Ek het reeds gemeld dat ek 'n ingeskrewe lid van die Inkhata Vryheids Party is. Die inwoners van die betrokke hostel is volgens my mening almal lede van die I.V.P. 'n Inwoner moet bewys lewer dat hy 'n lid van Inkhata Vryheids Party is wanneer hy by die hek inkom. Dus kan ek sê dat die persone wat die aand aan die aanval by Tsirela (Boipatong) deelgeneem het, lede van die IVP is. MKHIZE wat ek vroeër gemeld het, is die leier van die volwasse Zoeloe "impis" en BUTHELEZI, nie my kamermaat, is die leier van die jeug van die Zoeloe "impis". Beide is ook lede van die IVP volgens my mening.

12.

Verder wil ek meld dat ek die betrokke aand van die aanval op Tsirela op 17 Junie 1992, geen Weermaglede of lede van die S.A.P by die hostel gesien het of gehoor het dat enige van vermelde lede saam met die aanvallers betrokke was nie. Dit is ook nooit deur enige persoon aan my genoem nie.

13.

Op Vrydag 26 Junie 1992, het Luitenant DEETLEFS in sy kantoor te John Vorsterplein (kamer 1006) verskeie foto's, ongeveer 800/900 foto's wat nie genommer is, aan my getoon en versoek om enige persoon wat ek identifiseer wat ek in my verklaring na verwys het, aan hom uit te wys. Ek doen dit egter ook vrywillig sonder enige dwang as volg :

13.1 tot 13.27 is foto's van persone wat die vergadering op Woensdagaand 17 Junie 1992 te Madala Hostel bygewoon het en agter gebly het toe die ander na Tsirela (Boipatong) was.

13.28 Hierdie persoon is TULANI MAGAGULA en hy woon saam met my in dieselfde kamer. Ek het ook vroeër in my verklaring gemeld dat daar 'n assegaai by hom gevind is.

13.7 is ene KHUMALO wat gesê het ons wat agterbly die aand van 17/6/1992 mag nie gaan slaap nie.

13.2 is ene BUTHELEZI en hy het gekla dat dit koud was.

13.25 Dit is myself.

13.29 Hierdie persoon se van is SHANDU (MBATHA is dieselfde as SHANDU). Hy het eerste by die hek ingekom op 17/6/1992 terug vanaf Tsirela (Boipatong).

13.30 Hierdie persoon se naam is MTHETWA. Hy het ook na die aanval op 17/6/1992 by die hek ingekom.

13.31 Sy naam is GUMBI. Hy het ook op 17/6/1992 na die aanval by die hek ingekom by Kwa Madala Hostel.

mnjanyelwa ndaba

13.32 Sy naam is MAGAGULA. Hy het ook op 17/6/1992 na die aanval op Tsirela by die hostel ingekom.

13.33 Ken nie sy naam. Hy het op 17/6/92 na die aanval by die hek ingekom vanaf Tsirela.

13.34 Sy naam is SHOYISA. Hy het ook op 17/6/92 na die aanval op Tsirela by die hek ingekom.

13.35 Sy naam is MKHIZE waarna ek in my verklaring verwys het wie die leier van die volwasse Zoeloe "impis" is en wie ook die vergadering op 17/6/92 in Kwa Madala hostel op die platform toegespreek het en gesê het die mense moet na Tsirela gaan.

13.36 Sy naam is ZULU (van). Hy slaap saam met my in my kamer.

13.37 Sy naam is THABETHE. Hy slaap saam met my in my kamer.

13.38 Sy naam is NTSHANGASE. Hy slaap saam met my in my kamer.

13.39 Sy naam is MTHEMBU. Hy het die ysterwapen op skets gemerk no. 2 by my geleen.

13.40 Sy voertuig het die aand van die aanval binne in die Madala Hostel gestaan en daar het baie mense by sy voertuig gestaan.

13.41 tot 13.56 Hierdie persone was almal by die vergadering die aand van 17/6/92 en was ook met die medisyne gegooi deur NTOMBELA. Ek weet nie of hulle agter gebly het en of hulle na Tsirela is daarna.

14.

Hierdie verklaring is die waarheid. Ek is nie gedreig of enigsins voorgesê wat om in hierdie verklaring te sê nie. Ek vrees net vir my lewe indien iemand behalwe Luitenant DEETLEFS en die wat teenwoordig was tydens die afneem van my verklaring, dit aan iemand anders, selfs my vriende by die hostel of enige iemand anders bekend sal maak.

Mlanyelwa Ndaba

Na afloop van die verklaring/beantwoording van die vrae word die verdagte se verklaring/ vrae en antwoorde aan hom voorgelees en weer getolk.

Die volgende vrae word nou aan hom gestel:

1. Is u tevrede dat wat u gesê het, korrek genotuleer is? ANTW: JA
2. Is u tevrede dat hierdie verklaring/ antwoorde u weergawe van die gebeure noukeurig beskryf? ANTW: JA
3. Het u enige klagtes oor die wyse waarop hierdie verklaring afgeneem/vrae gestel is? ANTW: NEE
4. Is u tevrede met die tolk? ANTW: JA

X. Mjanyelwa Ndaba

GETEKEN: MJANYELWA NDABA

Bostaande verklaring deur my afgeneem:

PLEK: JOHN VORSTER PLEIN DATUM: 1992-06-26 TYD: 13:30

GETEKEN: N J DEETLEFS (LT)

EK, NR 06117449 (RANG) S/KST (NAAM) KA MADLABANE SERTIFISEER DAT EK GETROU EN JUIS EN NA DIE BESTE VAN MY VERMOë VANUIT DIE ZOELOE TAAL NA DIE AFRIKAANSE TAAL EN ANDERSOM, MET BETREKKING TOT DIE INHOUD VAN DIE BOSTAANDE VERKLARING GETOLK HET.

06117449

GETEKEN: K A MADLABANE: K.A. Madlabane

Mjanyelwa Ndaba

Aanhangsels tot verklaring van Mjanyelwa Ndaba

(1)



(2)



Mjanyelwa Ndaba

Exh "K"

Rian Malan

# On the inside looking out

Sunday Star 28/6/92

MNTWANA Zulu, uncle of the king, pillar of the Zulu royal house, hostel leader, cannot believe his ears when it is put to him that the build-up to the June 16 stayaway was entirely peaceful.

He blinks quizzically, draws himself up, turns to his interpreter, and starts: "In the beginning, my house was burnt down."

That was nearly two years ago, but it's a long story the prince has to tell. He speaks astonishingly calmly for a man at the vortex of an international crisis, but with diminishing coherence. En route, he calls for a list of people who took refuge in the hostel after being driven out of their township homes by arson or attack. It runs to 13 pages.

By the end this is the picture that emerges from the hostel:

On June 13/14, the weekend before the massacre, at least three people were murdered in Boipatong. The first was a woman named Nomvula, accused of consorting with an Inkatha boyfriend and dispatched in the small hours of Saturday.

The second was David Mbele, a 37-year-old Boipatong resident and schoolteacher who had tenuous, if any, structural connection with Inkatha but was known in the township as "a really Zulu, following the culture of the forefathers". His home was attacked by three or four hundred people on Saturday afternoon. He was shot while running away and when a fire engine arrived the crowd chased it off.

The third was BL Khumalo, an Inkatha member, burnt-out body retrieved by police from his burnt-out Passat at 2.35 pm on Sunday.

Two more presumed Inkatha sympathisers were allowed to live and see their homes burn down, one in Boipatong's Sego Street, one in Matthews Street in nearby Bophelong.

It was a rough weekend for Inkatha associates around Boipatong, and also for the "really Zulus" who may not have anything to do with Inkatha but who dare to maintain such customs as the wearing of a leather wristband to denote a certain status in regard to the esteem of the ancestors.



**PRISON AND FORTRESS ...** KwaMadala, a prison as well as a fortress. Inset: hostel leader Prince Zulu. MAIN PICTURE: DEBBIE YAZBEK

It was a weekend that went by unrecorded. No outrage, no press coverage — not a mention until Mbele's death rated a few lines here and there.

"Nobody cries for us," says Inkatha's Humphrey Ndlovu, acting as the prince's interpreter, "nobody prays for us."

He has a case. At the beginning of April two massacres at the squatter settlements of Crossroads and Zonkizizwe near Alberton — sleeping people attacked, women and children cut to pieces, the same story — left 32 corpses on the ground but, the Inkatha people believe, there was no outcry simply because the victims were Zulu/Inkatha and the assailants Xhosa/ANC.

In the last week of April, the Inkatha people say, the homes of 18 of their supporters and/or presumed supporters were attacked and torched in the Vaal townships around Boipatong, and not a word of that episode has featured in public print until today.

Some of those 18 families joined the swelling queue of refugees flocking to KwaMadala, which has become a prison as well as a fortress. Those inside cannot leave. Their children can't set foot in school. They can't get treatment at the hospital, where staff turn away "Inkatha murderers". The few taxis upon whom they used to rely no longer come near.

Ask why, and they refer you to a crippled youth leaning against a wall. In February he went to meet his mother in Boipatong, and he wound up in intensive care with a bullet in the spine. A month earlier, one Bongani Mbatha made the mistake of wearing an IFP T-shirt on an outing. He was stoned to death. In May a boy named Thapelo went shopping in downtown Vereeniging, presumed to be safe territory. He was abducted and burnt alive.

THE KwaMadala people carry a heavy load of resentment. The place was born in resentment. Some 150 Iscor workers were forced out of the main Iscor hostel, KwaMasiza, two years ago. After four months of sleeping on the veld, their numbers being augmented by arson victims and other outcasts from the townships, they broke into KwaMadala, where they continue to be augmented from the same sources. In the process they acquire ever more plain criminal baggage and anti-social trappings.

Ironically many of them — 410 — continue to work at Iscor where, on shift, they co-exist in apparent harmony with the very people with whom they're at war by night. At Iscor the Inkatha/ANC conflict is invisible, while a conflict between two factions within the ANC has recently led to at least five murders of ANC people by other ANC people.

What happened on the night of Wednesday June 17 is yet to be properly explained. Whatever lies behind it cannot mitigate the barbarity of the perpetrators. But if future massacres are to be forestalled rather than bewailed, it may be helpful to pay some attention to the perspective of hostel residents who see themselves as clamped in a vicegrip of persecution.

# Paperwork of troubled times

## Amid a welter of verbal heat, cold paperwork reflects an interesting background

IN their offices in an annexe to an estate agent's premises in central Vereeniging, Inkatha officials riff through an enormous pile of "Violence Statements".

A typical entry, a complaint by a man aged 37:

*Date and time:* 19/05/92, about 3 am.

*Damage:* House burnt.

*How many people* About 150.

*Why did they attack you?* My son who was killed was an IFP member.

*Did the police take action?* They took fingerprints.

*Are you an IFP member?* No.

Another typical entry comes from a 22-year-old woman: 12/04/92 about 4 pm: They attacked me at home ... ANC comrades, I can identify them ... about 30 people ... hit with knobkleries and sjamboks on head and whole body. They warned me to stop loving (an IFP member), of which it is difficult for me."

One document in the file was on a Cosatu letterhead. The Inkatha secretary flipped past it. We stopped him and asked to see.

It was dated December 19 1991 and addressed to a taxi-owner. It read (spelling and grammer unchanged):

*Mr (X)*

*We challenge you here in Hostel 3 Block H Room 4, and thouse drivers who was diliver Inkatha to Jabulani in Sowetho on 8-12-91 please, Date 21-12-91 in hostel, time 8 am on Sartuday, so if you do not attend that meeting we will sed.*

*Thanks*

*Secretary*

The taxi-owner's reply is not on file. On January 20 this year he received the following answer from Central Committee of Vietnam, Block H, Room 4, Vietnam 3, Sebokeng:

*Dear Mr (X)*

*"We wish to thank you for your letter dated 20-12-92 but at the moment regret to your apologie we have not suitable any chances for playing with time. We dont want your history, just we want to know you come or not.*

*We are given you for the last chance... We want to tell you comrade any problem at your company we are (not) very far. Kindly call at this office as soon as possible on Monday evening Time 1730 Date 27-01-92. Hoping to hear from you very soon.*

On September 9, 1991 Vitus Mvelase wrote on Inkatha letterhead to the Vaal Civic Association as follows:

*We have been delegated by the general meeting of the above mentioned regional party to request peace talk meeting between your committee and its regional committee on Saturday the 14 September 1991 at any neutral venue.*

*Your cooperation will be highly appreciated.*

The reply from the Vaal Civic is dated seven weeks later, October 28. It expresses appreciation but records that the proposal is to be "discussed by all organs of the VCA for purposes of acquirering proper mandate (and) by all other politrical organisations, some of which may have had direct conflict with the IFP".

It went on to say that the VCA, "as the organisation holding a neutral position, non-political", was to facilitate the meeting, and ended: "The VCA requests therefore, that IFP members exercise patience, as the discussion may seem to take long. It has to take place anyway to avoid conflicts in future."

Eight months later, Vitus Mvelase has difficulty understanding how this delaying approach squares with the attitude of an organisation that consistently claims that it is the peace-seeker and that it is the victim of Inkatha aggression.

Jacobus Daniël VENTER,

verklaar onder eed in Afrikaans:-

Ek is 'n witman, 23 jaar oud met ID nommer 690305 5107 089, werksaam te Sigma Steenkoolmyn, Sasolburg met tel no. 76-0000 x215 en woonagtig te Hersog straat no 12, Sasolburg met geen telefoon nie.

(1)

Ek is tans besig met my twee maande weermag kamp te Vaal Kommado, Vanderbijlpark. My kamp tydperk strek vanaf die 5de Junie 1992 tot die 27ste Julie 1992.

(2)

Op 17 Junie 1992 was ek aan diens saam met my seksie en besig met patrolering in die gebied. Om 19:00 daardie aand was ons besig gewees om van Yskor se werkers binne te eskort.

(3)

Ek was bewapen met 'n R4 geweer met (30) dertig rondtes. My kleredrag was volle weermag uniform, met 'n bruin bosbaadjie en 'n bruin koeëlvaste baadjie.

(4)

Om ongeveer 22:15 het ons 'n berig ontvang dat daar moeilikheid was in Boipatong. Ons seksie is met ons weermag Buffel na die toneel om die nodige montering daar te doen. By die robot in Nobel Boulevard reg oor die "Trek Garrage" het ek 'n groep swart mense ongeveer (200) twee honderd in die veld sien sit.

(5)

Ons het af beweeg in Nobel Boulevard tot by Cape Gate en daar 'n "u" draai gemaak en terug beweeg tot by die oop stuk grond. Met ons aankoms daar het ek opgemerk dat die groep mense nou vergroot het tot ongeveer (500) vyf honderd. Een persoon het opgestaan en 'n handgebaar gemaak waarna die res gevolg het. Hulle het in 'n Westelike rigting beweeg in die rigting van Kwamadala Hostel.

(6)

Ons voertuig het hulle gevolg tot by die robot waar Korporaal van Stratten die aankomende verkeer voorgekeer het. Kort daarna was almal reeds oor die pad en het ons verder beweeg tot by die hoof ingang van die hostel.

"L2"

(7)

Na ongeveer tien minute het daar nog geen mens daar opgedaag nie. Majoor Jordaan het daar by ons aangesluit. Daar het ook twee polisie voertuie daar opgedaag, die een was 'n Casspir en die ander 'n Njala voertuig.

(8)

Daar het kort daarna nog twee weermag voertuie daar opgedaag , een "Riot" bakkie en nog 'n "Buffel". Majoor Jordaan het opdrag gegee dat almal na Yskor se ooshek moet beweeg. By die hek het ons almal met die buffels opgery en die bakkie van die Majoor en die "Riot" bakkie daar gelaat.

(9)

Ons het verder patrolering gedoen en naby die robot stil gehou en met 'n soeklig in die veld gelig. In opdrag van die Majoor het ons 'n 37 mm gas granaat afgevuur.

(10)

Ons het weer beweeg in die rigting van die hostel en voor die duikweg stilgehou. Van ons mense, waarvan ek deel was, het te voet in die veld in beweeg vir ongeveer (30) dertig meter. Ons het omgedraai en teruggekeer. Met ons terugkeer was daar van Yskor se sekuriteit se mense daar.

(11)

Ons seksie het weer verder beweeg en deur Yskor se gronde gery tot by van hulle mense reg langs die hostel. Ons het weer opdrag ontvang om twee 37 mm gas granate te skiet.

(12)

Niks het gebeur nie en ons is verder na die duikweg waar ons 'n voertuig beheerpunt gestig het. Na ongeveer (10) minute is ons terug na ons basis.

(13)

Ten tye van my diensbeurt het ek geen rondtes gevuur nie en was daar die hele tyd slegs weermag personeel in ons voertuie.

(14)

Ek is vertroud met die inhou van hiedie verklaring en begryp dit.
Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

VANDERBIJLPARK
1992-06-26

(GETEKEN)
J.D. VENTER

L3

VANDERBIJLPARK MR 515/6/92 13 A4

GERHARDUS JACOBUS VAN STRATTEN

VERKLAAR ONDER EED IN AFRIKAANS

Ek is 'n volwasse blanke man, 23 jaar oud ID no 6808085137081 woonagtig te 11C Corot Court Vanderbijlpark werksaam te Yskor tel no 889 5546 huidiglik te Vaal Kommando tel no 889 3478 as Korporaal.

Op Woensdag 92-06-17 was ek aan diens te Vaal Kommando en deel van 'n patrollie met 'n Buffel te Kwa Masiza hostel. Op daardie stadium het ons begeleiding van busse gedoen wat mense van en na bogenoemde hostel geneem het.

Ongeveer 21:00 het ons 'n berig van ons hoofkantoor te Vaal Kommando ontvang van hewige geweervuur wat te Boipatong gehoor is. Ons bevelvoerder Majoor Jordaan het op daardie stadium aan my opdrag gegee om na Boipatong te gaan om die situasie te monitor. Ek het dadelik vanaf Kwa Masiza na Boipatong vertrek. By die verkeerslig Boipatong pad Yskor Oos-hek en Frikkie Meyer blvd het ons links gedraai in Noble blvd en ek het 'n skare swart mense van ongeveer (200) twee honderd opgemerk tussen Boipatong lokasie en Frikkie Meyer blvd. Die skare het in 'n gehurkende posisie gesit. Ek het dadelik aan my drywer Mnr J B du Plessis gesê waar die skare is sodat ons hulle kon monitor. Ons het verder in die rigting van Cape Gate in Noble blvd beweeg.

Op die hoeke van Cavendish en Noble blvd het ons 'n U-draai gemaak en weer in die rigting van Yskor beweeg. Op daardie stasium het ons steeds hewige geweervuur gehoor wat uit die rigting van Boipatong ongeveer (300) Drie honderd meter vanaf ons gekom het. Ons het reguit aan beweeg en bykans by die kruising het ek nou 'n skare van ongeveer (500) Vyfhonderd swart mense opgemerk. Die skare het steeds gebukkend gesit tussen Boipatong en Frikkie Meyer blvd, ek kon 'n redelike akkurate skatting van die hoeveelheid mense maak omdat die area redelik verlig word deur die ligte van Frikkie Meyer blvd en ligte vanuit Boipatong.

'n Swart man aan die voorpunt van die skare naaste aan Frikkie Meyer blvd het toe skielik opgestaan en gebare met sy hande gemaak. Die hele skare het toe opgestaan en oor Frikkie Meyer blvd gehardloop in die rigting van Madala hostel.

Ek het toe aan 'n ander voertuig van my gesê om die pad tussen Madala hostel en Boipatong te wete Frikkie Meyer blvd te patrolleer sodat ons die swart mense kon keer wat oor die pad beweeg het. Ek het nie geweet wat die doel van die mense was nie en wou probeer keer dat meer mense by die groep aansluit of die mense weer in die rigting van Boipatong beweeg.

Ek het toe my drywer beveel om na Kwa Madala hostel te ry om vas te stel of die groep die hostel wou aanval. Lede van die S A Polisie het by ons aangesluit maar ons het geen swart mense opgemerk wat die terrein van buite die grense betree nie.

/2............

L4

My bevelvoerder Majoor Jordaan het toe by ons aangesluit waarop ons begin het om die veld tussen Frikkie Meyer blvd en Kwa Madala hostel te fynkam met Buffels en kolligte. Ons het geen swart mense of van die skare in die veld opgemerk nie. Mnr Steyn van Yskor sekerheid het toe by ons aangesluit en gevra vir hulp aangesien hulle 'n swartman binne Yskor grensdraad gearresteer het. Ons het toe hulp aan Mnr Steyn verleen maar het geen swart mense in die veld langs Kwa Madala hostel of binne Yskor se grensdrade opgemerk nie.

Ek weet glad nie waarheen die groep swart mense wat oor die pad Frikkie Meyer blvd in die rigting van Kwa Madala hostel of Yskor, heen is nie.

Dit is asof die hele groep net verdwyn het.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed nie.

EK beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

(GETEKEN) G J VAN STRATTEN

Ek sertifiseer dat bostaande verklaring deur my afgeneem is en dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is voor my beëdig en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te VANDERBIJLPARK OP 92-06-19.

(GETEKEN) ANDRIES JOSEPH CRAUSE
KOMMISSARIS VAN EDE
S A POLISIE
24 GENERAAL HERTZOG STRAAT
VANDERBIJLPARK
RANG : S/SERSANT

VANDERBIJLPARK MR 515/6/92 14 A2 ✓

EK COBUS BAREND DU PLESSIS

VERKLAAR ONDER EED IN AFRIKAANS L5

Ek is 'n blanke man 36 jaar oud en woonagtig te Vegkopstraat 5 Sasolburg en is besig met 'n Weermag kamp te Vaalkommando Vanderbijlpark tel(W) 708 3548/5.

Op 1992-06-17 om 04:00 het ek aan diens gemeld en was gepos op 'n Buffel waarmee ons patrolliedienste verrig het.

Om 21:00 het ons 'n radio berig ontvang vanaf die radiokamer van 'n skietery te Boipatong woonbuurt.

Een van ons offisiere Majoor Jordaan het toe aan ons opdrag gegee om ons patrollies te staak en na Boipatong te beweeg. Ons taak was egter om patrollies te verrig te Noble blvd Vanderbijlpark.

Ons het in Noble blvd afbeweeg in 'n Oostelike rigting en omgedraai op die verste punt en terug in 'n Westelike rigting beweeg. Omtrent 200 meter vanaf die Frikkie Meyer robot af het ek regs gekyk en 'n groep swartes gesien binne in die veld.

Na skatting was daar +- 400 swartes in die veld gewees. Ek het toe verder aan gery tot by die robot te Frikkie Meyer en Noble blvd. Dit is toe Korporaal G J van Stratten vir my gesê het dat ek moet links kyk.

Ek het toe die groep swartes gesien beweeg oor Frikkie Meyer blvd in die rigting van Kwa Madala hostelle. Ons het toe afbeweeg in Frikkie Meyer blvd om te probeer verhoed dat hulle oor die pad beweeg.

Maar dit was egter te laat en hulle was klaar oor die pad gewees in die rigting van die hostelle. Ons toe in 'n Noordelike rigting af in Frikkie Meyer blvd beweeg oppad na die hoofingang van die Madala hostelle. Op daardie oomblik het ek nie geweet wat aan die gang is nie.

By die hek gekom het ek gevind dat die hek toe is en geen swartes is opgemerk wat die perseel betree het nie. Ons bevelvoerder Majoor Jordaan het toe by ons aangesluit, waar ons toe die veld tussen Frikkie Meyer en Madala hostelle gefynkam vir enige swartes.

Ons het met kolligte die veld nagegaan en geen swartes gesien nie. Ons het hulp aan 'n Mnr Steyn van Yskor Sekerheid verleen op soek na die swartes.

Ek weet glad nie waar die groep swartes wat vanaf Boipatong beweeg het, heen is nie.

Geen een kon egter opgemerk word nie.

Ek is vertroud met die inhoud van die verklaring en begryp dit.

Ek het geen beswaar teen die aflê van die eed nie.

Ek beskou die eed as bindend vir my gewete.

(GETEKEN) C B DU PLESSIS

/2...........

L6

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig voor my en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te VANDERBIJLPARK op 92-06-19.

(GETEKEN) RIAN VAN WYK
KOMMISSARIS VAN EDE
S A POLISIE
24 GENERAAL HERTZOG STRAAT
VANDERBIJLPARK
RANG : KONSTABEL

L7 X

A1025

15

Gerhardus Jacobus VAN STRATTEN,

verklaar onder eed in Afrikaans:-

Ek is 'n witman, 23 jaar oud, met ID 680808 5137 081, werksaam te Yskor, Vanderbijlpark, met tel. 8895526 en woonagtig te 11C Corot Court Vanderbijlpark, met geen telefoon.

(1)

Ek is tans besig met my twee maande weermag kamp diens, te Vaal Kommando, Vanderbijlpark, vanaf 5 Junie 1992 tot 27 Julie 1992.

(2)

Ek is 'n korporaal in die weermag en is in beheer van seksie 2 wat bestaan uit Skutters J.D.Venter, J.B. du Plessis en J.F. Botha.

(3)

Op 17 Junie 1992 was ek aan diens saam met my seksie en in beheer van die seksie. Ons was vier blankes en het met 'n buffel reg. BBZ 204M, weermag voertuig gery. Ons was almal in volle weermag uniform geklee, en bewapen met (4) vier R4 gewer (1) een 37 mm Stopper wapen met (5) vyf gas rondtes. Daar was ook (3) drie traangas kannetjies op die voertuig onder my beheer as ook een soeklig, en (120) een honderd en twintig 5,56 mm (R4 rondtes).

(4)

Gedurende die dag het ons normale patrolering gedoen. Om 19:00 is ons getaak om Yskor se werkers binne te begely teen beskerming van die insittendes.

Contra A4

(5)

Om ongeveer 22:15 het ek 'n berig ontvang vanaf my hoof kwartier dat daar moeilikheid was in Boipatong. Ongeveer 22:30 het ek 'n bevel gekry om 3/1 "C" van hulp te wees in Boipatong. 3/1 "C" is seksie no 3 wat op daardie stadium in Boipatong omgewing diens gedoen het.

(6)

By die robot by Nobel Boulevard het ek 'n groep van ongeveer (200) twee honderd mense gesien wat gehurk in die veld gesit het. Ek het my voertuig bestuurder (J.B. du Plessis) opdrag gegee om hulle dop te hou omdat ek op daardie stadium nie geweet het wat hulle beplan nie. Ons het verder af beweeg in Nobel Boulevard tot by Cape Gate en daar 'n "u" draai gemaak, terug in 'n westelike rigting.

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.